



AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

BYBELKENNISEKSAMEN – 2023

GRAAD 9 – VRAESTEL

BESTEK: Ou Testament: Rut 1-4 | Nuwe Testament: Johannes 1-3 | Les: 1-9

AFDELING A – RUT 1-4

VRAAG 1: OMKRING DIE REGTE LETTER OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 1.1 Wat was Naómi se man se naam? (Rut 1:2)
a) Maglon b) Eliméleg c) Moab d) Moses
- 1.2 Waarheen het Eliméleg en sy gesin getrek? (Rut 1:1)
a) Moab b) Sinear c) Kanaän d) Betlehem
- 1.3 Wat was die vermoënde man se naam uit die familie van Eliméleg (Rut 2:1)
a) Eli b) Boas c) Haman d) Giljon
- 1.4 Hoeveel koring het Rut van die land af opgetel? (Rut 2:17)
a) 'n liter b) 5 kilogram c) 'n efa d) 3 pond
- 1.5 Waar het Rut gaan lê toe Boas geslaap het? (Rut 3:7)
a) langs hom b) agter sy rug c) by sy koppenent d) by sy voetenent
- 1.6 Wat noem Boas vir Rut? (Rut 3:11)
a) oulik b) mooi vrou c) deugsame vrou d) liefling
- 1.7 *Toe antwoord sy hulle: Noem my nie Naómi nie: noem my Mara, want die Almagtige het my baie _____ aangedoen.* (Rut 1:20)
a) goedheid b) bitterheid c) leed d) skade
- 1.8 *En hy vra: Wie is jy? Toe antwoord sy: Ek is Rut, u dienaars; brei dan u vleuel oor u dienaars uit, want u is die _____.* (Rut 3:9)
a) lossier b) man c) heer d) baas
- 1.9 *Waarom sou julle my Naómi noem, terwyl die HERE teen my getuig het, en die _____ my kwaad aangedoen het?* (Rut 1:21)
a) Ewige b) Almagtige c) Verlosser d) Koning
- 1.10 Wat is die naam van Rut se seun? (Rut 4:17)
a) Peres b) Dawid c) Obed d) Ísai

VRAAG 2: VUL DIE ONTBREKENDE WOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

man, middernag, rigters, lossers, getuies, grysheid, Lea, skoonmoeder, Efratië, geboorteland

- 2.1 En in die dae toe die (A) _____ geregeer het, was daar hongersnood in die land; daarom het 'n man uit Betlehem-Juda weggetrek om as vreemdeling te vertoef in die veld van Moab, hy en sy vrou en sy twee seuns. (Rut 1:1)
- 2.2 En die naam van die man was Eliméleg en die naam van sy vrou Naómi en die naam van sy twee seuns Maglon en Giljon, (B) _____, uit Betlehem-Juda, en hulle het gekom in die veld van Moab en daar gebly. (Rut 1:2)
- 2.3 En Boas antwoord en sê vir haar: Aan my is alles omstandig vertel wat jy aan jou (C) _____ gedoen het ná die dood van jou (D) _____, en dat jy jou vader en jou moeder en jou (E) _____ verlaat het en na 'n volk getrek het wat jy gister en eergister nie geken het nie. (Rut 2:11)
- 2.4 En die man het teen (F) _____ geskrik en vooroor gebuig en – daar lê 'n vrou aan sy voetenent. (Rut 3:8)
- 2.5 En hy vra: Wie is jy? Toe antwoord sy: Ek is Rut, u dienaar; brei dan u vleuel oor u dienaar uit, want u is die (G) _____. (Rut 3:9)
- 2.6 Toe sê al die mense wat in die poort was, en die oudstes: Ons is (H) _____; mag die HERE die vrou wat in jou huis inkom, maak soos Ragel en soos (I) _____ wat saam die huis van Israel gebou het; en verwerf mag in Éfrata en maak 'n naam in Betlehem! (Rut 4:11)
- 2.7 Hy sal vir jou een wees wat jou siel verkwik en jou (J) _____ versorg; want jou skoondogter wat jou liefhet, het hom gebaar, sy wat vir jou meer werd is as sewe seuns. (Rut 4:15)
-

VRAAG 3: SÊ OF DIE VOLGENDE WAAR OF VALS IS.

MERK JOU ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 3.1 Naómi se seuns het vroue uit Bethlehem-Juda geneem. (Rut. 1:4)
- 3.2 Op pad na Juda het Naómi haar skoondogters gesmeek om saam met haar te trek. (Rut 1:8)
- 3.3 Orpa het vir Naómi gesoen en omgedraai, terwyl Rut by Naómi gebly het. (Rut 1:14)
- 3.4 Toe dit etenstyd was, het Boas vir Rut genooi om saam te eet. (Rut 2:14)
- 3.5 Naómi was baie ongelukkig toe sy hoor dat Naómi by Rut se lande gars optel. (Rut 2:20)
- 3.6 Nadat Naómi vir Rut raad gegee het oor wat om met Boas te doen, het sy gesê dat sy nie na haar skoonma gaan luister nie. (Rut 3:5)
- 3.7 Boas het geskrik toe hy wakker word en 'n vrou by sy voetenent sien. (Rut 3:8)
- 3.8 Boas het aan Rut vertel dat daar nog 'n lossers is, nader as hy. (Rut 3:12)
- 3.9 Die ander lossers nader as Boas, het gesê dat hy sal los. (Rut 4:6)
- 3.10 Naómi het Rut se kind op haar skoot laat sit en sy was sy pleegmoeder. (Rut 4:16)
-

VRAAG 4: BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 4.1 Watter gesinslede van Naómi het gesterwe nadat hulle na Moab getrek het? (Rut 1:3, 5)
- 4.2 Wat moes Rut gedoen het as sy by Boas kom terwyl hy slaap? (Rut 3:4)
- 4.3 Van waar het Boas gekom om met die snyers te praat? (Rut 2:4)
- 4.4 Hoekom moes Rut vroeg die oggend van die dorsvloer af weer teruggaan huis toe? (Rut 3:14)
- 4.5 Wat het Boas by die poort van die stad gaan doen? (Rut 4:1)

35 Punte

AFDELING B - JOHANNES 1-3

VRAAG 5: OMKRING DIE REGTE LETTER OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 5.1 Volgens Johannes het alles wat ontstaan deur die _____ ontstaan. (Joh. 1:1-3)
a) Here b) Woord c) Heilige Gees d) oerknal
- 5.2 Die mense het gedink Johannes is óf die Christus, óf die _____. (Joh. 1:25)
a) profeet Elia b) Verlosser c) dooper d) dissipel
- 5.3 Waar was Johannes besig om te doop? (Joh. 1:28)
a) Kapernaüm b) Jerusalem c) Betábara d) Betánië
- 5.4 Johannes doop met water, maar Jesus doop met die _____. (Joh. 1:33)
a) geeste b) water van die Jordaan c) genade van bo d) Heilige Gees
- 5.5 Op die hoeveelste dag van die week was daar 'n bruilof te Kana? (Joh. 2:1)
a) 3de b) 7de c) 4de d) 1ste
- 5.6 Wat het op hierdie bruilof kortgekom? (Joh. 2:3)
a) water b) brandewyn c) wyn d) druiwesap
- 5.7 Hoeveel klipkanne het daar gestaan? (Joh. 2:6)
a) 16 b) 4 c) 6 d) 12
- 5.8 Hoeveel kon elk van hierdie klipkanne hou? (Joh. 2:6)
a) 2 of 3 ankers b) 4.5 gallon c) 18 liter d) 20 el
- 5.9 Wie was die owerste van die Fariseers? (Joh. 3:1)
a) Boas b) Eliméleg c) Nikodémus d) Kájafas
- 5.10 Jesus sê dat iemand eers _____ moet word voordat hy die koninkryk van God kan sien. (Joh. 3:3)
a) weer gebore b) sondeloos c) 'n goeie bidder d) goeie mens
-

VRAAG 6: VUL DIE ONTBREKENDE WOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

toutjies, Lam van God, drie, waardig, skoenriem, aanneem, wisselaars, tempel, handelshuis, skape en die beeste

- 6.1 Johannes antwoord hulle en sê: Ek doop met water, maar onder julle staan Hy vir wie julle nie ken nie – dit is Hy wat ná my kom, wat voor my geword het, wie se (A) _____ ek nie (B) _____ is om los te maak nie. (Joh. 1:26-27)
- 6.2 Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die (C) _____ van God wat die sonde van die wêreld wegneem! (Joh. 1:29)
- 6.3 En Hy het 'n sweep van (D) _____ gemaak en almal uit die tempel uitgedrywe, ook die (E) _____, en die kleingeld van die (F) _____ het Hy uitgegooi en hulle tafels omgekeer. En vir die duiweverkopers het Hy gesê: Neem daardie dinge hier weg; moenie die huis van my Vader 'n (G) _____ maak nie. (Joh. 2:15-16)

- 6.4 *Jesus antwoord en sê vir hulle: Breek hierdie (H) _____ af, en in (I) _____ dae sal Ek dit oprig. (Joh. 2:19)*
- 6.5 *Johannes antwoord en sê: 'n Mens kan niks (J) _____ as dit hom nie uit die hemel gegee is nie. (Joh. 3:27)*
-

VRAAG 7: SÊ OF DIE VOLGENDE WAAR OF VALS IS.
MERK JOU ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 7.1 Johannes die Doper moes van die duisternis getuig. (Joh. 1:7)
- 7.2 Die genade en waarheid is deur Moses gegee, maar die wet is deur Jesus Christus gegee. (Joh. 1:17)
- 7.3 Johannes die Doper beskryf die Heilige Gees as 'n duif wat hy sien neerdaal het (Joh. 1:32)
- 7.4 Jesus sê vir Simon, die seun van Jona, dat hy Céfás genoem sal word. (Joh. 1:43)
- 7.5 Jesus sê hy het Natánael gesien toe hy onder die moerbeiboom gesit het. (Joh. 1:49)
- 7.6 Jesus is sonder sy dissipels na die bruilof genooi. (Joh. 2:2)
- 7.7 Jesus het vir sy moeder gesê: "Vrou, wat het Ek met u te doen? My uur het gekom." (Joh. 2:4)
- 7.8 Die gebruik was dat die slegste wyn eerste voorgesit word. (Joh. 2:10)
- 7.9 Toe Jesus sê Hy sal die tempel binne drie dae herbou, het Hy oor die tempel van sy liggaam gepraat. (Joh. 2:21)
- 7.10 Nikodémus het in die oggend na Jesus gekom om met Hom te praat. (Joh. 3:2)
-

VRAAG 8: BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 8.1 Wat sê Johannes die Doper is sy doel? (Joh. 1:23)
- 8.2 Simon, een van Jesus se eerste dissipels, se vader se naam is _____. (Joh. 1:43)
- 8.3 *Hier is waarlik 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie.* Van wie sê Jesus dit? (Joh. 1:48)
- 8.4 Hoe lief het God die wêreld? (Joh. 3:16)
- 8.5 Johannes praat oor Jesus en dan sê hy: Hy moet meer word, maar ek _____. (Joh. 3:30)

35 Punte

AFDELING C - LES 1-9

VRAAG 9: SÊ OF DIE VOLGENDE WAAR OF VALS IS.
MERK JOU ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 9.1 Ek is van nature geneig om God te haat. (Les 1)
- 9.2 Die Heilige Gees is aan elke mens op aarde gegee. (Les 2)
- 9.3 Die Heilige Gees is God. (Les 3)
- 9.4 Jesus sal sy kerk onderhou en beskerm tot aan die einde. (Les 4)
- 9.5 Daar is sekere goeie gelowiges wat God se verlossing verdien. (Les 5)
- 9.6 Almal sal tog eendag gered word. (Les 6)
- 9.7 Ons moet met nederigheid maar ook vrymoedigheid ons sonde voor God bely. (Les 7)
- 9.8 Jesus vergewe net sekere van my sondes. (Les 7)

- 9.9 Omdat die Here Jesus opgestaan het uit die dood, beteken dit dat ek ook uit die dood sal opstaan. (Les 8)
- 9.10 Die ewige lewe begin reeds in hierdie lewe. (Les 9)
-

VRAAG 10: VUL DIE ONTBREKENDE WOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

troos, ganse menslike geslag, nature, dood, erfgenaam, een, God, altyd, liggaamlik, ewige lewe

- 10.1 Want ek is van (A) _____ geneig om God en my naaste te haat. (Les 1)
- 10.2 Die Heilige Gees is aan my gegee om my te (B) _____. (Les 2)
- 10.3 Die Heilige Gees is (C) _____ by jou. (Les 3)
- 10.4 Jesus het uit die (D) _____ vir Hom 'n gemeente (kerk) geroep. (Les 4)
- 10.5 Daar bestaan slegs (E) _____ kerk op aarde. (Les 4)
- 10.6 Die loon van die sonde is die (F) _____. (Les 5)
- 10.7 Die uitverkiesing is (G) _____ se werk. (Les 6)
- 10.8 As kind van God is ek ook sy (H) _____. (Les 7)
- 10.9 Die Here Jesus het (I) _____ uit die dood opgestaan. (Les 8)
- 10.10 Die duiwel wil graag hê jy moet twyfel of jy die (J) _____ het. (Les 9)
-

VRAAG 11: BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 11.1 Waar kom geloof vandaan? (Les 1)
- 11.2 Verduidelik hoekom die Heilige Gees ook soms 'n brugbouer genoem word (Les 2)
- 11.3 Wie is die Trooster? (Les 3)
- 11.4 Hoe kan jy weet of jy regtig 'n lid van die kerk is? (Les 4)
- 11.5 Wie verdien almal om uitverkies te word? (Les 5)
- 11.6 Hoe moet ek lewe as ek 'n uitverkorene is? (Les 6)
- 11.7 Verduidelik hoe volledig God sonde vergewe? (Les 7)
- 11.8 Waarvan waarborg Jesus se liggaamlike opstanding uit die dood my en jou? (Les 8)
- 11.9 Moet 'n gelowige bang wees vir die dood? (Les 8)
- 11.10 Kan 'n kind van die Here verlore gaan? (Les 9)

30 Punte

TOTAAL: 100 PUNTE